
lapa UITGEWERS

HIERDIE BOEK BEHOORT AAN:



Vir Ismail – nog 'n boek vir jou versameling – D.R.

Vir Laurie en Ed – die beste soort vriende – A.M.



Oorspronklike titel: *Dirty Bertie: Toothy!*
Karakters geskep deur David Roberts
Teks kopiereg © Alan MacDonald, 2013
Illustrasies kopiereg © David Roberts, 2013
Afrikaans deur Jaco Jacobs

Die regte van Alan MacDonald en David Roberts om as die skrywer en illustreerder van hierdie werk geïdentifiseer te word, is deur hulle bevestig kragtens die Copyright, Designs and Patents Act, 1988.

Eerste Afrikaanse uitgawe in 2024 deur LAPA Uitgewers, 'n afdeling van Penguin Random House Suid-Afrika (Edms.) Bpk., in samewerking met Little Tiger, 'n druknaam van Little Tiger Press Limited, Londen, Engeland.

Uitleg: Renthia Buitendag

Gedruk deur ABC Press

ISBN 978 0 6370 0546 3

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

# Vuil Ferdie

## TANDE!



VERTAAL DEUR JACO JACOBS

**DAVID ROBERTS** GESKRYF DEUR **ALAN MACDONALD**

www.lapa.co.za



**Lees in die Vuil Ferdie-reeks:**

KIEME!

BURP!

EEUW!

MODDER!


TANDE!

# Inhoud


1 Tande! 7

2 Zoem! 37

3 Sjoe! 69

# TANDE!





# HOOFSTUK 1

**KNIRTS! KNARTS!**

Ferdie is terug van die skool af en het pas die koekieblik beetgekry. Oeps, hier kom Ma!

"Bêre dit, Ferdie," sê sy. "Moenie vergeet jy moet môre tandarts toe gaan nie."

Ferdie se bene voel skielik lam. Sy oë rek.

"Die tandarts?"

"Ja," sê Ma. "Jy en Suzie moet gaan vir 'n ondersoek."


"Maar … maar ek was mos daar!" stotter Ferdie.

"Dit was laas jaar," sê Ma.

Suzie kyk op van haar huiswerk.

"Ek hou daarvan om tandarts toe te gaan," sê sy. "Dokter Bekker sê my tande is perfek."

Ferdie steek vir haar tong uit.



"Jy's tog lekker bang," treiter Suzie.

"Is nie!" sê Ferdie.

"Jy is!" sê Suzie. "Laas keer moes Ma jou soontoe sleep."

Dis nie waar nie, dink Ferdie. Hy het aan die lamppaal vasgeklou omdat hy bang was hulle is te vroeg. En dis nie sy skuld dat die tandarts so vreesaanjaend gelyk het nie. Dokter Bekker het groot, harige hande en mallerige oë. Hy het 'n masker oor sy mond gedra. Ferdie het gedink hy lyk soos 'n moordenaar.

Daar was niks fout met sy tande nie. Nie een het uitgeval nie, so hoekom moet hy tandarts toe gaan? Wag 'n bietjie … Ma het mos gesê sy afspraak is môre? Dankie tog!

"Ek kan nie gaan nie!" sê hy. "Dis skool."

"Toemaar," sê Ma. "Ek het vanoggend vir juffrou Kotze 'n briefie gestuur."

Ferdie kreun.

"As jy jou tande skoon hou, het jy niks om oor bekommerd te wees nie," sê Ma.

"Ek hou MY tande skoon," spog Suzie.


Ferdie frons. Hy maak ook sy tande skoon – net nie elke dag nie. Dit spaar tyd om sommer net water in sy mond rond te spoel. Nou en dan gebruik hy tandepasta, maar hoofsaaklik om prentjies op die spieël te teken.

Hy vee met sy tong oor sy tande. Mmm, dit voel effe wollerig. Sê nou dis vol tandekieme? Dalk moet hy 'n stopsel kry – of nog erger, dalk moet een van sy tande getrek word!

Divan sê sy tandarts trek tande met sy kaal hande.



Ferdie sluk. Hy beter vinnig aan 'n verskoning dink. Wag! Ma het gesê sy het vir juffrou Kotze 'n briefie gestuur. So, wat keer juffrou Kotze om terug te skryf? Ferdie storm by die trappe op om 'n potlood en papier te kry.



Liewe mefrou Venter

Ek wil net lat weet die tantards was fandag by die skool. Hy sê Ferdie het die gisontste tanne in die jille klas. Hule is so gisont lat hy nie weer tantards toe hoef te ganie. Nooit weerie.

Juffrou Kotse (Onderwuiser)

Dit behoort te werk, dink Ferdie en vou die briefie toe.

Hy vat dit ondertoe en wag terwyl Ma dit lees. Sy frons.

"Ek sien, en jy sê juffrou Kotze het dit geskryf, nè?"

Ferdie knik. "Jip."

"Vreemd," sê Ma. "Haar handskrif lyk nes joune."

"Uhm … issit?" vra Ferdie.

"Ja," sê Ma. "En sy kan nie eens haar eie van spel nie."

Sy frommel die briefie op en gooi dit in die drom.

"Goeie probeerslag, Ferdie," sê sy. "Maar jy gaan tandarts toe en klaar."